**17 April** **Skrifgedeelte: Matteus 22:34-40**
**Fokusgedeelte: Matteus 22:39**
**HK, Vraag 107**

## Naasteliefde

Die positiewe eis van die sesde gebod is dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Om net maar niks kwaads aan jou naaste te doen nie, is nie goed genoeg nie. Christus se liefde dring ons tot wederliefde. Uit dankbaarheid vir sy verlossingswerk sal ek my liefde ook nou gee. Christus het Hom geoffer, leeggemaak. Nou verwag God dat ek my ook sal leegmaak en kruisig om ook aan die belange van ander te dink (Fil 2:3, 4).
Antwoord 107 roep ons op om teenoor ons medemens geduldig te wees, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik. Liefde tot God en ons naaste is die kern van die sesde gebod. Merk jy nog naasteliefde by jou op? Is jy nog geduldig met mense en hulle swakhede? Kan jy mense nog verdra en in vrede met hulle saamleef? Gaan jy selfs uit jou pad om die skade van jou medemens weg te hou? Gun jy jou medemens alles wat jy vir jou sou gun? Soek jy aktief na vrede met alle mense, selfs met jou vyande?
As ons daadwerklik uit die genade en liefdevolle verlossing van Christus lewe sal ons ons sondige natuur met al sy haatdraende hartstogte kruisig. Ons kan dit doen, want die Gees dring ons om Christus se liefde te leef en om dankbare lewensredders en vredemakers te wees. Weerkaats jou lewe nog iets van Christus se liefde?
*Sing: Psalm 133:1, 2 (2001-omdigting)* *Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~